HOËRSKOOL RANDBURG

13 September 2022

Algemene Oueromsendbrief no. 19 van 2022

Geagte Ouers/Voogde, Leerders en Personeel

Graag deel ons ’n paar dinge wat gebeur by die skool:

1 Randjienuus

Ons twee weeklikse Randjienuus is vol verslae en stories oor leerderaktiwiteite en-prestasies. Graag wens ons elkeen geluk met uitsonderlike gebeurlikhede wat plaasvind en is ons TROTS op elkeen van ons leerders. Die skool se Geskiedenisboek sukkel om by te bly met alles wat ons leerders vermag. Volg ook gerus die skool se *Facebook* bladsy en *Instagram* om daagliks op hoogte te bly van wat gebeur.

2 Fasiliteite

Ons dak oor die vierkant is nou 99,99% klaar. Hy word reeds elke dag gebruik en daar word reeds sosiale en ander funksies wat daar gaan plaasvind, beplan.

Ons datum van amptelike ingebruikneming van die dak is 15 Oktober 2022, - meer daaroor later in hierdie skrywe. Teken asb. hierdie datum aan om daardie aand by te woon.

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: hsrandb@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Ons is ook baie trots op ons Randjie muur. Simbole, soos vertoon, verteenwoordig op een of ander manier al die vakke wat ons by die skool aanbied en in die sesde blok staan twee graduandi wat na vyf jaar suksesvol by die skool hulle matriekkwalifikasie kon verwerf.

Ons is oorweldig met borgskappe en skenkings wat hierdie projek moontlik gemaak het en ons sal op die gepaste wyse aan elkeen erkenning verleen.

Maar steeds is dit nie die einde nie. Ons A-netbalbaan kry ook ’n dak sodat daar in alle weersomstandighede vir spelers en toeskouers voorsiening gemaak word. Dit is vir ons ’n belegging in ons dogters se sport wat ons glo op die langer termyn dividende gaan

lewer.

Ons is baie bevoorreg dat ons hierdie verbeteringe kan aanbring met behoud van ’n baie sterk kontantreserwe in ons bankrekening.

’n Mens kan nie anders as om opregte dank en waardering uit te spreek teenoor ouers wat getrou hul skoolgelde vereffen nie. Julle bemagtig Hoërskool Randburg om in belang van sy leerders beleggings in ons toekoms te maak en ons waardeer die scenario waarbinne ons keuses kan maak en dinge doen wat andersins net onmoontlik sou gewees het.

3 Algemene Jaarvergadering van die Ouers (AJV) van 2022 vir 2023

Op Maandagaand, 24 Oktober word beplan om die AJV te hou. Tydens hierdie vergadering word die begroting van 2023 voorgehou en skoolgelde vir 2023 deur die vergadering vasgestel. Formele kennisgewing sal volg.

Reserveer ook asb. hierdie datum op u kalender.

4 #DANKIE-RANDJIE-FEES en Somerbal

Op **<u>Saterdagaand, 15 Oktober 2022</u>** gaan ons die dak oor die vierkant inwy met die aanbieding van ’n gratis “Dankie”-konsert vir **al** ons ouers, leerders en onderwysers.

Laatmiddag arriveer almal in hulle “uitstap-drag” – so bietjie mooier as semi-formeel. Seuns en dogters is uitgevat in hul mooiste klere asof hulle weer valentynsbal toe gaan. Ons neem foto’s in die voortuin, kry dalk ’n verversing of twee en kuier gemoedelik saam

totdat ons om 17:45 ons vierkant formeel betree … almal stap oor die rooi tapyt en is ons eregaste vir die dié aand.

Om 18:00 begin ons verrigtinge en word ons dak amptelik benoem en in gebruik geneem. Dan volg daar ’n Dankie-konsert, aangebied deur ons eie talent van Hoërskool Randburg. Dit gaan ’n baie spesiale produksie met musiek vir alle smake wees. Van die *Titanic* tot *James Bond* en vele meer gaan die aand sorg vir luistergenot van uitstaande gehalte. Ons skool se simfonieorkes, die koor, ons eie *Footsteps on the Moon*, en van ons beste solokunstenaars, personeel en leerders gaan optree. Ons is uiters opgewonde oor die kwaliteit van die produksie en almal is reeds hard aan die werk om voor te berei.

Omstreeks 20:00 skuif ons die stoele weg en dan hou ons ’n **Somerbal** vir die kinders. Dis musiek, ligte, geraas en lekker dans. Ouers, julle moet egter toestemming by julle kinders kry om die dans te mag bywoon. Ons waarborg glad nie dat hulle hiervoor toestemming sal verleen nie, maar u mag vra.

Verrigtinge eindig om 23:00.

Daar sal veilige parkering wees, daar sal sekuriteit wees en daar sal verversings te koop, aangebied word.

Ons sê DANKIE deur die konsert **gratis** vir almal aan te bied. Leerders wat egter nié die konsert bywoon nie, moet betaal om vanaf 20:00 die dans te mag bywoon. En dit gaan duur wees, want ons wil graag elke kind by ons konsert ontvang. Ons wens is dat hulle sal deel in die talente van ons maats en so “iets” van ’n meer formele konsert ervaring kry.

Mag die hoof almal verplig om die aand by te woon? Nee, maar ’n Randjie hart sou almal daar wou hê. Dis ons familiebyeenkoms en almal moet dit bywoon.

Intussen skryf ons graad 12’s eksamen, speel ons krieket, tennis, 7’s rugby, *Fast Five* netbal en vele meer. Dis opwindend om deel van die Blou Masjien te mag wees. Dis ’n voorreg om hoop te sien en te voel. Dis ’n dankbare hart wat ons Skepper prys vir die geleenthede wat ons het.

Geniet die somer! Hy is hier...

P. Booysen: Hoof.